Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 31 Augustus 1949 Prys 3d. No. 41

# BRITSE RYK IN PAD VAN EUROPESE EENHEID

**Brittanje se betrekkinge met die „Statebond" is voorgehou as een van die redes waarom hy nie ten gunste van 'n groter Europese eenheid is nie toe van Franse kant in die Europese Raad gepleit is vir 'n federasie van Europese state. Waarnemers en staatsmanne in sowel Europa as daarbuite is vinnig besig om tot die gevolgtrekking te kom dat Europa polities en ekonomies alleen gered kan word indien daar 'n groter eenheid tussen die nasionale state tot stand kan kom.**

Van Britse kant word hierdie gedagte egter teengestaan, veral omdat Engeland se hele beleid tot dusver was om mededingend teenoor die Europese state op te tree, en vir sy mededinging hom toespits op sy koloniale besittings. Juis hierdie mededingingsgees word beskou as een van die groot oorsake van die afgelope oorlog. Nie alleen het Brittanje met naywer probeer verhoed dat Duitsland sy kolonies terugkry nie, maar sy vrees vir Duitse ekonomiese mededinging het sy oorlogsbeleid tot 'n sterk mate bepaal. **Dit is dieselfde vrees wat op hierdie oomblik agter die aftakeling van Duitse nywerhede sit, en op nuut 'n grondslag lê vir 'n toekomstige Europese oorlog.**

### HOU SKUIWERGAT OOP

Omdat Brittanje meen dat hy met al sy ryk dominiums en kolonies agter hom opgewasse kan wees teenoor enige Europese moondheid, is hy nie bereid om sy heil in Europese eenheid te vind nie, maar probeer hy so bo langs met ander lande samewerking soek op 'n wyse wat hom nie wesenlik sal kompromitteer nie — net soos hy hom nooit wesenlik laat bind het deur ander Europese reëlings soos byvoorbeeld dié ten opsigte van die oorlogsreg nie.

Die verskonings wat deur die Britse verteenwoordiger op die raadgewende vergadering van die Europese Raad aangebied is vir sy onwilligheid om tot groter eenheid te geraak, is:

(1) Omdat daar nog nooit so 'n organisasie bestaan het nie (asof daar al voorheen 'n Britse Statebond bestaan het met selfs republieke daarin).

(2) **Brittanje se buitengewone betrekkinge met die Statebond.**

(3) Omdat sommige lede van die Raad nie lid van die Atlantiese militêre verbond is nie.

In plaas van federasie het Brittanje voorgestel groter ekonomiese samewerking en 'n „handves van Europese regte."

### NUWE BETEKENIS

**In die lig van hierdie onwilligheid van Brittanje om in die familie van Europese volke op te gaan, en sodoende by te dra tot Europese rus en vrede, verkry republikanisme 'n nuwe betekenis.** Terwille van Brittanje se hebsug is reeds twee wêreldoorloë gevoer waarby Suid-Afrika teen sy sin ingesleep is. **Verdere verstewiging van die Ryk beteken verdere verbreking van die Europese eenheid en daarmee groter moontlikheid vir nuwe oorloë wat Suid-Afrika vir Brittanje sal moet help veg.**

### AMERIKAANSE SWEEP

Hoe lank Brittanje in staat sal wees met om sy gewig in die tuig te lê terwyl ander lande vorentoe beur, kan nie gesê word nie, maar dat hy miskien deur die dollarsweep van Amerika binnekort aangemoedig sal word om saam met die ander te trek, skyn meer as moontlik te wees. In Amerika gaan steeds meer stemme op teen Brittanje se enge houding, en die jongste van hierdie stemme is dié van die Amerikaanse minister van finansiële sake, John Snyder, wat, volgens die korrespondent van die Daily Mail, verlede week **Brittanje geblameer het dat sy bekrompe nasionale houding in die pad staan van Europese samewerking, wat die grondslag vorm vir die Marshallhulpplan.**

# BESIELENDE REEKS FUNKSIES IN WES-KAAPLAND

**'n Hele reeks O.B.-dagfunksies is die afgelope week in Wes-Kaapland gehou en mooi bedrae is ter stywing van die O.B.-fondse ingesamel. Op 'n paar plekke was die Kommandant-generaal aanwesig en het lede weer besieling geput uit die besef dat die O.B. se taak steeds sterker op die voorgrond tree namate die onbestendigheid van die partypolitiek hom daagliks meer openbaar.**

**CLANWILLIAM:** Die kommando's van Clanwilliam ag hulle besonder gelukkig dat die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, vanjaar hul funksie kon bywoon en die offisiere en brandwagte kon toespreek. Die K.G. was vergesel van genl. S. J. Kamffer, stafhoof van Gebied A. Die funksie is gehou op Donderdag, 25 Augustus, op die plaas Seekoevlei van mnr. Mouton en die bedrag van £72 is ingesamel. Komdt. G. N. du Plessis was die bevelvoerende offisier en die basaar het gestaan onder leiding van komdte. A. Mouton. Na afloop van die funksie het genl. Barry Lubbe die K.G. hartlik bedank vir sy besielende woorde en die aanwesiges vir hul teenwoordigheid.

**MONTAGU:** Op Saterdag 20 Augustus het Waggeneraal Max Smuts die kommando's van Montagu toegespreek in die plaaslike O.B.-Saal by geleentheid van die jaarlikse viering van Fondsdag. Die leiding is geneem deur komdt. A. J. de Jager en komdte. J. C. Burger. Hoofkomdt. Dawid Joubert was ook aanwesig. Die mooi bedrag van £60 is ingesamel.

**UNIONDALE:** Die kommando's van Uniondale het Saterdagmiddag, 20 Augustus, 'n baie aangename funksie gehou in die plaaslike Voortrekkersaal. Die mooi bedrag van £20 is ingesamel. Hoofkomdt. Hendrik Schoeman het die basaar geopen en genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier het na afloop van die basaar die aanwesiges toegespreek. Komdt. P. J. Barnard het gesorg vir die reëlings en komdte. P. v. d. Westhuizen het gesorg vir die lekkernye op die tafels.

**FRANSCHHOEK:** Die kommando's van Franschhoek het verlede Woensdagaand in die ruim skuur op die plaas van veldknt. Dawie Malherbe aangesit by 'n uiters gesellige dinee. Die eregas was die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, Waggeneraal Max Smuts, genl. S. J. Kamffer, stafhoof van Gebied A, en genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, was ook aanwesig. Komdt. J. J. Hugo het as seremoniemeester opgetree en komdte. Hugo en haar flukse onder-offisiere was verantwoordelik vir die heerlik voorbereide ete. Brandwagte wat om die lang tafels aangesit het, was in 'n opgewekte luim.

Die K.G. het die geskiedkundigheid en blywendheid van die O.B. beklemtoon sowel as die volgehoue gewilligheid van die O.B. om altyd die hand van die mede-Afrikaner wat in vriendskap uitgesteek word te vat. Genl. Laubscher het gepraat oor die roeping van die O.B. om 'n duursame volksbewind in S.A. tot stand te bring in die plek van die kortstondigheid van party-bewinde.

**CALVINIA-DISTRIK:** Komdt.

(vervolg in volgende kolom.)

(vervolg van vorige kolom)

G. J. van Schalkwyk het verlede Saterdagmiddag 'n baie geslaagde en gesellige funksie gehou op sy plaas Langfontein, 36 myl van Calvinia af. Die funksie is goed bygewoon deur die Afrikaners, ook deur lede van die H.N.P. en van die V.P., en daar het 'n hartlike volksgees geheers. Genl. Jan Steenkamp het die aanwesiges welkom geheet en hulle bedank vir hul opkoms en samewerking. Genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B., het teen skemeraand 'n toespraak gehou waarin hy die taak en die plig van die Ossewabrandwag teenoor die Afrikanervolk uiteengesit het. Hy het alle Afrikaners uitgenooi om opnuut aktief in te skakel by die volksbeweging. Hoofkomdt. Tromp Nel het die spreker bedank vir sy mooi uiteensetting. Die verkoping het £20 opgelewer.

## Masjien-Tolk Vir Toeriste

**'n Italiaanse uitvinder, Frederio Pucci, hoop om binne die volgende paar weke 'n elektriese tolkmasjien te voltooi wat enige toeris in staat sal stel om deur die wêreld te reis en homself in die vreemde taal te behelp. Wanneer hy met iemand wil praat, tik hy die woorde in sy eie taal, en die masjien sit dit oor in die taal wat nodig is.**

# KAMPTERREIN BY MONUMENT

**Die Stafhoof van die Sentrale Hoofkwartier, maak die olgende bekend:**

**Uiteindelik het die nuus ons bereik dat georganiseerde groepe toegelaat sal word om as 'n organisasie plek te bespreek vir die inwyding van die Voortrekkermonument.**

Ten einde die inskrywings te bespoedig, want ons moet voor of op 30 September offisieel aansoek doen, word u versoek om onverwyld onderstaande aansoekvorm te voltooi en aan ons terug te stuur voor of op 24 September, saam met u tjek/posorder of kontant; voeg asseblief bankkommissie by tjeks en registreer briewe wat kontant bevat.

Die huurtariewe is soos hieronder aangegee en dit dek die hele periode van 10 tot 19 Desember wat die kamp oop sal wees, selfs al sou besoekers net 'n gedeelte van die periode van hule bespreekte geriewe gebruik maak.

(a) Standplaas alleen, plek vir twee ronde tente: (sowat 30 voet x 30 voet) £6 elk.

(b) Markeetent alleen: £10 elk. met plek vir ongeveer 25 mense.

(c) Ronde tent alleen: £2 10s. met plek vir ongeveer 4 tot 6 mense.

**Let wel:** Persone wat hul eie tente saambring sal in 'n afsonderlike blok geplaas word en voertuie moet op dieselfde standplaas geparkeer word. Gehuurde tente word deur die komitee opgeslaan.

Inligting insake die feeskamp word gedurende Oktober aan u gepos.

● Aansoekvorm op Bladsy 2 ●

# EUROPESE RAAD WORD OPPERSTE PARLEMENTÊRE KLUG

**Die Europese Raad wat veronderstel was om 'n verteenwoordigende vergadering van Europese volke te wees waar gemeenskaplike belange beredeneer kan word, is besig om na die patroon van die Britse stelsel te verval tot weinig meer as 'n parlementêre debatvereniging waarbinne partypolitieke strydgroepe met mekaar wedywer om die „regering"- en „opposisieskap". Die twee hoofpartye op die oomblik is Churchill se Verenigde Europa of, soos sy teenstanders dit in Britse terme betitel, die Tories, wat op die oomblik die meerderheid uitmaak in die raadplegende vergadering.**

Die Sosialiste beklee die plek van die opposisie. Die verskil met meeste parlementêre lande lê egter daarin dat geen Kommunistiese Party toegelaat word nie. Kommuniste en „mede-reisigers" is uitgesluit van die raad.

Die Sosialiste van die 12 verskillende lande hou saam koukus en het byvoorbeeld besluit om die insluiting van Duitsland te opponeer. Hulle is egter ver in die minderheid en bestaan uit 32 afgevaardigdes teenoor die 72 konserwatiewe lede.

By die samestelling van die verskillende komitees is die partypolitieke patroon stiptelik gevolg sodat omtrent geen Sosialis in 'n sleutelposisie beland het nie, hoewel die president, wat heel aan die begin van die byeenkoms gekies is, 'n Sosialis in die persoon van Paul-Henri Spaak, van België, is. Tot so 'n mate word die partypolitiek deurgevoer dat die Britse afgevaardigde Herbert Morrison wat bekend is as 'n deskundige op daardie gebied, nie die voorsitterskap van die komitee vir reëls en prosedure kon kry nie. Die vergadering het dan ook al heftige partypolitieke botsings tussen die verteenwoordigers van een en dieselfde land ondervind, veral tussen Churchill en Morrison.

## ENGELSE VROU NEEM INTREK

**Ruth Khama, die blanke Engelse eggenote van Seretse Khama, toekomstige opperhoof van die Bamangwato in Betjoeanaland, het verlede week haar intrek in die naturellehoofstad Serowe geneem nadat sy per vliegtuig in Rhodesië aangekom het.**

Deur hierdie set het sy die kommissie van ondersoek wat deur die Britse regering aangestel is om op die vraagstuk van haar koninginskap in te gaan, voorgespring, en slegs sterk optrede van die kant van die Britse regering kan die saak nog in die reine bring. Dit is te hope dat die Unie-regering in samewerking met die Rhodesiese regering alles moontlik sal doen om hierdie verderflike voorbeeld op ons grens te laat verwyder.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**KOTZE.**— Aan Dirk en Hannah, Leeukuil, Moorreesburg, 'n fris seuntjie op 15 Augustus. Naas die Heer, dank aan dokter en verpleegsters.
31/8/1B

## HUWELIK

**YOUNG — BIELDT.**— Stil getroud in die Ned. Geref. Kerk George, Fienie, dogter van Mnr. en Mev. L. Bieldt, Wolseley, met Con, seun van Mnr. en Mev. C. Young, Blanco, George.
31/8/1

**Van Den HEEVER — FERGUSON.**— Die huwelik van Sybil, P.K. Hoogstepunt, Waterberg, Dist. Tvl. en Albertus, Nasionale Hospitaal, Bloemfontein, vind D.V. plaas op 3 September om 3-uur nm. in die N.G. Kerk, Mellville, Johannesburg. Gelukwensing:— Derdelaan 16, Mellville.
31/8/1B

## IN MEMORIAM

**SWANEPOEL.**— Onvergeetlik die dag van 16 Mei toe ons moes afgee, ons dierbare eggenoot en Vader **Dawid Swanepoel.** Ons mis hom in die O.B.-leiding want daar het hy sy volk gedien. Sy bedroefde eggenote en kinders.
31/8/1B

## TE KOOP

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**DEKRIET: DEKRIET:**— Stuur u betellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.**
22/6/4.

**PATATRANKE:**— Sesmaande 83 lb. 7/-; driemaande wit 83 lb. 8/-. Steggies reg vir plant ses- en driemaande 6/- per 1000. Borrie 7/-. Gelewer SERPENTINE. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, C/Sn., P.K. Hoekwil, George.**
24/8/TK

**WATTELPALE EN SPARRE.** — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling.
31/8/TK

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.
6—4TK

## GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn.
13/7/T.K.

## GRYSHARE

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.
(Nr. 2) 10/8/T.K.

## MEDISYNE

**GRYSHAARWONDER** laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gesond, natuurlik en vry van skilfers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg.
(Nr. 2) 2/3/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad.
3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**
19/1/TK


## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**Cederberg - Rooibostee**
Spesiaal gekweek
Suiwer; Eerstegraad
Verpakker „TEEKONING"
Citrusdal, K.P.

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

·SANTAM·

*TOT U DIENS!*

Die volgende soorte SANTAM-assuransie staan tot u diens:—

- Brandassuransie
- Huisbewoners-assuransie (Brand, Inbraak, Stormskade)
- Inbraak-assuransie
- Motor-assuransie
- Ongevalle- en Siekte-assuransie
- Mied-assuransie; ens.

Vir U BESKERMING

**'n SANTAM-Polis!**

·SANTAM·

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-7a

**BRILLE.**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**


# Wat Van Die Kabinet?

**Gedurende die afgelope weke was die kabinet weer 'n hele paar keer ter sprake. Oor wat hulle gedoen, of nagelaat het om te doen, daaroor was nou nie soveel gesê nie, maar die kabinet self was onder bespreking. Daar het naamlik 'n oordrag van sekere portefeuljes plaasgevind.**

Heelwat bespiegelinge het daarop gevolg. Die politieke implikasies was vir die opposisie so duidelik soos daglig. **Bosbou is van 'n advokaat wat geboer het weggeneem en gegee aan 'n advokaat wat geboer het. Mynwese is weggeneem van 'n advokaat en gegee aan 'n advokaat. Onderwys is weggeneem van 'n regsgeleerde en geneesheer en gegee aan 'n advokaat. Verder is poswese weggeneem van 'n advokaat en gegee aan 'n advokaat. Dit is dus duidelik dat die geneesheer in onguns moes verval het.**

Die uitbreiding van die kabinet was ook taamlik voor die hand liggend, maar is blykbaar uitgestel met die oog op 'n moontlike tydelike inkrimping binnekort.

### MELKDRANK

Eienaardig genoeg het Engeland en ons baie keer dieselfde soort kabinetsprobleme — **moontlik omdat ons een-en-dieselfde staatstelsel het. 'n Kabinet is blykbaar nes 'n melkdrank — om goed te wees moet dit geskommel word!**

Dat ons ministers baie werk het, is seker en gewis. Een minister was byvoorbeeld minister van ekonomiese sake, minister van mynwese, volksraadslid vir Beaufort-Wes en afgevaardigde na die V.V.O. — eers te Parys en toe te Flushing Meadows. Die een week bestry hy die swartmark te Johannesburg, die volgende week bestry hy mev. Pandit in Parys of New York en 'n paar weke later bestry hy die sterftesyfer op die direksie van 'n lewensversekeringsmaatskappy. Met alle waardering vir die persoon se energie en gewilligheid, voel 'n mens dat die werk darem 'n bietjie baie is!

'n Ander minister, wat glo te veel gehad het om te doen, was minister van onderwys, gesondheid en volkswelsyn en lid vir Ceres.

**Deur A. J. van Rooy**

### BAIE WERK

Sy kollega moes egter nog meer werk kry. Hy was reeds minister van lande, volksraadlid, lid van sy koukus, party en Federale Raad. Verder was hy provinsiale leier van sy party en voorsitter van die direksie van 'n dagblad! 'n Ekstra staatsdepartement is nou in sy hande geplaas — en hy was tog seker nie ledig nie!

**As mens nou reken dat 'n Volksraadslid reeds 'n £1,000 per maand werk het, wonder mens hoe 'n minister dit nog regkry om sy setel te verteenwoordig al verteenwoordig hy dit gedeeltelik by homself.**

### REPUBLIEK

Moontlik kry ons die oplossing vir hierdie probleem in ons eie volksverlede. In die Transvaalse Republiek was Piet Joubert, Jan Smuts, W. J. Leyds en ook Paul Kruger Uitvoerende Raadslede (ministers) sonder dat hulle volksraadslede was. **Daar was dus 'n baie beter verdeling van arbeid. Paul Kruger het nie nodig gehad om nog boonop vir Rustenburg te verteenwoordig nie, en so ook Piet Joubert byvoorbeeld nie Lydenburg nie. Daarvoor was daar wel ander te vind.** Hulle taak was dus gemakliker en hulle kon beter op hulle werk konsentreer.

Die mees voor die handliggende oplossing van die huidige baie-werk-moeilikheid is dat ons grondwet so verander word dat die ministers hulle L.V.-setels aan ander kan oorlaat.

'n Stap in hierdie rigting kan 'n stap op die Pad van Suid-Afrika genoem word.

Aan die ander kant kan die kabinet natuurlik vergroot word en daar kan ook desnoods 'n paar onderministers aangestel word. Hierdie weg sal waarskynlik gevolg word, maar dit is die weg van Ierland of Indië (watter een van die twee die stadigste is).

# SAM KAHN IN DURBAN

Die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, het verlede week die Kommunistiese L.V., Sam Kahn, verbied om in die volgende jaar vergaderings in Durban te hou nadat laasgenoemde 'n vergadering daar belê het.

Die verbod van die Minister word verwelkom, maar ons herhaal ons waarskuwing dat dit onverstandig is om eers toe te laat dat vergaderings belê word, en dit dan te belet. **Die naturelle beskou sulke optrede as 'n ontneming van hul eie vryheid in plaas van die vryheid van die Kommunis.**

# V.P. BEHOU SY SETEL

Deur die enigste Verenigde Party-setel in die Vrystaatse Provinsiale Raad te behou, het die V.P. verlede week in die Bloemfonteinse tussenverkiesing getoon dat die skaal nie ten gunste van die regering deurgeslaan het sedert die algemene verkiesing 15 maande gelede nie, maar skyn dit die mening na Mayfair te versterk, dat die partypolitieke wiel reeds besig is om ten gunste van die „alternatiewe regering" te draai.

Teen die baie sterk H.N.P.-kandidaat, mnr. C. H. de Wet het die V.P.-kandidaat, adv. Gladys Steyn, die setel met 'n meerderheid van 88 gewen,— slegs 25 minder as die vorige meerderheid.

Volgens Die Volksblad het die H.N.P. verwag om te wen, en die uitslag word as 'n verrassing beskryf. 'n Verwyt word gerig aan Afrikaners wat, volgens die blad, buite stemming gebly het.

# MASJIEN SAL 'N GENERAAL WORD

**'n Nuwe „meganiese brein" het sy debuut in Amerika gemaak, en die ontwerpers voorspel dat hul uitvinding sal uitloop op 'n nuwe industriële rewolusie waarin masjiene baie van die werk wat vandag nog deur mense verrig word, sal oorneem.**

**Wetenskaplikes voorspel 'n elektroniese eeu waarin masjiene nie alleen probleme sal oplos wat die mense nie in staat is om vandag op te los nie, maar ook militêre strategie sal kan beplan, musiek sal kan komponeer en skaak sal kan speel.**

Hierdie jongste rekenkundige toestel staan bekend as Binac en is in staat om 12,000 keer vinniger as 'n mens te bereken. Probleme wat 'n mens met 'n rekenmasjien etlike jare lank sal besig hou, kan Binac binne vyf minute uitwerk.

Die uitvinders is dr. John Mauchly en Prester Eckert, wat ook die eerste elektroniese brein ontwikkel het. 'n Brein wat vir meer algemene doeleindes gebruik sal kan word as die jongste uitvinding, word tans gebou en sal eersdaags vir bemarking gereed wees.

Een van die eerste kopers van hierdie nuwe brein, wat bekend sal staan as Univac, sal die Amerikaanse buro van sensus en statistieke wees.

## AANSOEKVORM

(1) NAAM: ....................

(2) ADRES: ....................
....................

(3) Aantal persone:
(a) Mans: ....................
(b) Vrouens: ....................
(c) Seuns: ....................
(d) Dogters: ....................

(4) As u per spoor kom, meld die stasie waar u opklim en aantal persone ....................
die **datum** waarop u opklim en **datum** waarop u weer Pretoria verlaat ....................

(5) Hiemee word aansoek gedoen om: £ s. d.
(a)....................staanplase teen £6 0s. 0d.
(b)....................Makeetente teen £10 elk.
(c)....................Ronde tente teen £2 10s. 0d. elk.
Totaal vir die bespreekte geriewe ....................
Plus bankkommissie ....................
GROOT TOTAAL ....................

Datum: .................... ....................
HANDTEKENING.

**Let wel:**
Tjeks en posorders of wissels moet betaalbaar gemaak word aan: Sentrale Hoofkwartier en aan geen ander persoon of organisasie nie en moet ons bereik, Posbus 1059, Pretoria nie later nie as 24 September 1949.

# Duisende Russe Vlug Na Vryheid

**Politieke waarnemers berig dat daar dwarsdeur die wêreld 'n afvalligheid van die Kommunistiese Party te bespeur is. Die sterkste neiging hiertoe word in Rusland geopenbaar waar die jongere geslag wat nooit iets anders as kommunisme geken het nie, blykbaar tot ontwaking kom. Veral die oorlog wat tienduisende soldate vir die eerste keer in hul lewe 'n blik buite hul slaweland laat werp het, het tot hierdie bewuswording van hul onderdrukking meegehelp.**

Toe Russiese soldate Duitsland binnegeval het, was hulle oorweldig om te sien dat dinge waarvan in Rusland slegs gedroom word, allemans besit in die buitewêreld is. Dit het hulle laat dink, en die vrugte van hul gedagtes word tans geoes in die vorm van duisende oorlopers na die Westerse moondhede.

In die Amerikaanse besettingsgebied van Duitsland alleen is daar al meer as 30,000 sulke Russiese vlugtelinge, terwyl daar maandeliks 'n 5,000 meer instroom.

**'n Russiese kolonel wat ontvlug het, verklaar dat duisende soldate gelikwideer is weens hoogverraad, terwyl meer as 10,000 van die Russiese besettingstroepe op die oomblik in konsentrasiekampe - aangehou word. In Wes-Duitsland is reeds 'n weerstandsbeweging van Russiese soldate gestig.**

Soos 'n tyd gelede in Die O.B. berig is, volg die Russe ook 'n beleid om teruggekeerde Russiese krygsgevangenes af te sonder deur hulle na dwangkampe toe te stuur waar hulle nie die bevolking kan beïnvloed met hul verhale omtrent die vreemde nie. Aan die publiek word hulle voorgestel as verraaiers wat nie die moed gehad het om te veg nie.

## B.B.C.-NUUS STOPGESIT

**Die Suid-Afrikaanse Radioraad het besluit om vanaf die end van die jaar die heruitsending van die Britse radionuusdiens te staak. Die besluit volg op 'n tweede geval onlangs van partypolitieke toesprake oor die Britse nuusdiens wat deur die Suid-Afrikaanse uitsaaikorporasie oor sy eie radio nie toegelaat word nie. Dit was 'n toespraak van genl. Smuts waarin hy die regering aangeval het. Die Radioraad het ook aangekondig dat hy sy eie diens vir versameling en uitsending van nuus vanaf aanstaande jaar gaan instel.**

## Ander Reëling Nodig

**„Tensy wetgewing voorsiening maak vir die aanmoediging van doeltreffendheid, sal dit maar sleg gaan", het die voorsitter van die kommissie van ondersoek insake nywerheidswetgewing, dr. J. H. Botha, verlede week in Pretoria gesê.**

„Ek is oortuig dat as ons die saak met die individuele werker bespreek, hy die minimum beskerming sal begeer en die res met sy wergewer sal wil reël." (Kyk ons hoofartikel).

## Altemit Word 10 Oktober In Provinsie Erken

Volgens berig in Die Transvaler het die Transvaalse uitvoerende komitee van die provinsiale administrasie groter erkenning vir Krugerdag as openbare vakansiedag vir provinsiale amptenare „in beginsel" aanvaar.

Die berig voeg daaraan toe dat Krugerdag „binne afsienbare tyd" deur die administrasie as vakansiedag erken sal word **mits dit prakties uitvoerbaar is en nie strydig is met die Uniewette nie.** (Die Johannesburgse stadsraad erken Krugerdag reeds vir die afgelope drie jaar as vakansiedag.

## LAERTREK OP EILAND TER VIERING VAN VERJAARDAE

**Die sentrale hoofkwartier van die Ossewabrandwag het besluit om die verjaardae van die Kommandant-generaal en Mev. van Rensburg, wat gewoonlik in die vorm van 'n dinee gevier is, vanjaar op 'n heeltemal nuwe wyse te herdenk op Mooi-Eiland. 'n Laertrek word vir die doel gereël vir die naweek van 1 tot 3 Oktober wanneer verskillende wedstryde gehou sal word.**

Die wedstryde bestaan uit 'n barberkompetisie, 'n skyfskieten 'n jukskeikompetisie waar voor baie goeie pryse aangebied word. Meer besonderhede hieromtrent is verkrygbaar van die Sentrale Hoofkwartier, posbus 1059, Pretoria. Inskrywings moet die kantoor voor 15 September bereik.

Transvaalse, Vrystaatse en Natalse generaalskappe is aangesê om vir die verskillende vertakkinge van die reëlings te sorg. Kampvooi is 5/- vir volwassenes en 2/6 vir Boerejeuglede.

Naweeklaergangers moet vir hul eie tente en beddegoed sorg, en almal word versoek om eetgereedskap, Psalm- en Gesangboek, F.A.K.-sangbundel en O.B.-sangbundel saam te bring.

## Treine Met Twee Dekke Eerlang

'n Dubbeldekker-trein sal binnkort in Brittanje in diens geneem word. Dit word beskou as die prototipe van baie meer wat sal volg indien die trein 'n sukses blyk te wees. Dit sal veral gebruik word op spoorlyne met 'n hoë toeloop in drukte-tye. Met slegs ses rytuie neem dit omtrent een-derde meer passasiers as 'n gewone trein met agt rytuie.

## Veldmaarskalk Sê Dis Smerig

**Veldm. Fritz Erich von Manstein, 61-jarige Duitse bevelhebber, het verlede week as die 938ste Duitser wat van „oorlogsmisdade" in 'n Britse hof aangekla is, voor sewe Britse regters verskyn.**

Hy word deur 'n Britse advokaat, Reginald Paget, lid van die laerhuis, verdedig. Die fondse vir sy verdediging is gekollekteer en £100 daarvoor is bygedra deur Winston Churchill wat in Teheran met Stalin en Roosevelt ooreengekom het om die Duitse militêre leiers te likwideer.

Adv. Paget het die reg van die Britse hof betwyfel en gesê dat Von Manstein deur 'n militêre hof verhoor moet word omdat dit 'n oorlogsmisdaad is om 'n krygsgevangene anders as deur 'n militêre hof te verhoor. Von Manstein was meer as vier jaar krygsgevangene voordat hy aangekla is.

Hierop is geantwoord dat hy na Duitsland teruggebring was waar hy uit die Duitse leër ontslaan is en dus sy status as krygsgevangene verloor het.

Die aanklagte—sommige met 'n sterk Russiese aksent— was van so 'n aard dat die Veldmaarskalk telkemale uitgeroep het „smerig!"

## Rolle Bevestig Betroubaarheid Van Bybel

**Geruime tyd nadat Die O.B. 'n berig aan 'n buitelandse bron ontleen het omtrent die merkwaardige vonds van sekere Bybelgedeeltes naby Jericho, het die wêrelddagblappers in beroering oor die saak geraak, en tans word berig dat die betekenis van die vonds nie oorskat kan word nie.**

Soos indertyd in Die O.B. berig, het sommige van die boekrolle hul weg na Amerika gevind terwyl die res in Jerusalem deur die Hebreeuse Universiteit in bewaring geneem is. **Heelwat klagte word tans uitgespreek oor die traagheid van die Amerikaanse navorsers om die rolle tot beskiking van Bybeldeskundiges te plaas. Hoewel hulle reeds twee jaar lank met die rolle sit, is nog geen verslag uitgebring nie, en daar is nou maar eers 'n belofte omtrent fotografiese afdrukke gedoen ingevolge kritiek uit Europa.**

Inmiddels word berig dat 'n priester 'n deel van die rolle wat gevind is, vir 'n prys van £250,000 in Amerika te koop aanbied.

Uit Jerusalem word berig dat prof. Sokenik, hoogleraar in oudheidkunde en direkteur van die Joodse museum van oudhede, die skrifrolle beskryf as die grootste van alle vondse op die gebied van Hebreeuse geskrifte. Die rolle dateer uit die tweede eeu voor Christus en is dus meer as duisend jaar ouer as die oudste Hebreeuse teks tot sover bekend. **Die boek Jesaja, aldus prof. Sokenik, kom met die bestaande teks in elke besonderheid ooreen. Dit onderstreep dus die betroubaarheid van die huidige teks en dus ook van die res van die Ou Testamentiese Bybel.**


K94



*ná die* ***BOULSPEL . .***

Laat K.W.V.-Eau de Cologne gou weer vir u die kalme gelatenheid skep wat persoonlike frisheid meebring. En om u te streel en met 'n fyn geurigheid te omring — K.W.V.-laventel.

**KWV**


***Eau de Cologne***
EN
***Laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.



G 24029




**Rook SPRINGBOK Medium**

DIE GELUKKIGE KEUSE



**SKENK MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND**



- **Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.**
- **U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.**
- **Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.**

**Merk u wol DAHA en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.**

**DAHA — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD**

DIE O.B., WOENSDAG, 31 AUGUSTUS 1949

# BELOON DIE MAN WAT WERK

Die voorsitter van die ondersoekkommissie insake nywerheidswetgewing het verlede week die mening uitgespreek dat daar by die vasstelling van lone beter voorsiening gemaak behoort te word vir doeltreffende werk. Hy dink aan 'n minimumloon met vrylating van die werkgewer en werknemer om vir die res te onderhandel.

Daar kan aangeneem word dat van die kant van vakbonde heelwat teenstand ondervind sal word teen so 'n stelsel van loonwetgewing, maar dit skyn nietemin die enigste uitweg in die huidige omstandighede te wees. Die vakbonde is die werker se eie verdediging teen die uitbuiting van die kapitalistiese orde. **In die land waar die wolwe en die skape toegelaat word om vry te beweeg, moet die skape volgens patroon van die oerwoud 'n ringmuur van koppe vorm in selfbeskerming.** Hulle het daardie ringmuur in hul vakbonde gevind. Maar tye staan nie stil nie, en die gewone publiek het al die vraag begin stel of ons nie nou weer in 'n ander uiterste verval het waar die vakbond as uitbuiter na vore kom — nie net as uitbuiter van die publiek nie, maar ook van die werker self. Ten einde sy houvas op die werker te handhaaf is die vakbondwese daarop gesteld dat werkgewers nie met individuele werkers onderhandel oor lone nie, maar met die vakbond as verteenwoordiger van die werker. **Dit bring mee 'n gelykskakeling van lone, want dit is onmoontlik vir die vakbond as geheel om in terme van elkeen van sy duisende lede te onderhandel. Ons kry dus die toestand dat die flukse werker wat in die boubedryf, byvoorbeeld 1,000 stene per dag lê deur wetgewing belet word om meer betaling te kry as die onbekwame of lui messelaar wat net 300 stene lê.**

**NA BENEDE**

Hierdie stelsel het die uitwerking dat die ywerige werker geen nut meer sien in sy groter vlyt nie en sy prestasie dus ook maar laat daal na dié van die swakste werker wat in elk geval met sy bietjie werk net soveel verdien as hy met sy baie. Waar geen aanmoediging is nie, moet daar agteruitgang wees. **Maar dit is nie net die publiek, dit wil sê die winkelklerk en staatsamptenaar, wat nou veel duurder moet betaal vir hul huise en ander benodigdhede wat òf op dieselfde wyse weens 'n benede-produksiepeil òf deur die kringloop van ekonomiese prosesse onnodig duur gemaak word, wat daaronder ly nie. Dit is ook die werker self wat op sy beurt weer moet lewe van die produksie van ander werkers wat as gevolg van hierdie sielkundige sloerstaking in prys opgejaag word. Dit is dus per slot van sake 'n baie kortsigtige manier van selfbeskerming — min of meer op een lyn met Simson se omstoting van die grondpilare van die Filistyne-gebou.**

Dat gelykstelling van lone 'n onmoontlike toestand skep het selfs die Russiese Kommunisme al lankal geleer. In 1935 het hulle radikaal afgewyk van hul teorie dat alle werkers gelyk is. Hulle het toe die sogenaamde Stakanov-stelsel ingevoer waarvolgens daar 'n standaard vir arbeidsprestasie vasgestel word deur uitgesoekte werkers wat besonder hoog presteer. **Lone is ooreenkomstig hierdie standaarde vasgestel met 'n daling na onder ooreenkomstig mindere prestasie.** Die man wat net die helfte van die werk kan doen wat 'n Stakanov-werker verrig, kry net die helfte van die vasgestelde loon. **Dit was die mees brutale uitbuiting van arbeid wat die wêreld sedert die slawe-tydperk aanskou het, maar dit het sy oogmerk bereik — hoër arbeidsprestasie.**

**LYN NA BO**

Vroeër of later sal daar in ons land en ander lande wat ons stelsel volg, iets gedoen moet word om vlyt te bevorder, in plaas van soos die huidige stelsel doen, 'n premie op luiheid te plaas. Soos sake nou staan, stuur ons af op 'n algemene volksramp met die werker inkluis. **Dit is nie nodig dat die Stakanov-metode met sy skaal na benede gevolg hoef te word wanneer die oeroue beginsel van groter beloning vir groter prestasie, dit wil sê 'n skaal na bo, die voor die handliggende is nie. Laat die swakkere werker beskerm word deur 'n minimum-bestaanbare loon, maar gee die bekwame en vlytige werker die vryheid om bokant daardie peil meer te verdien deur meer te presteer en daardeur ook die swakkere werker goedkoper te laat lewe met sy kleiner loon, want as die flukse werker twee artikels kan produseer teenoor die een van die swakkere in plaas van die twee wat hulle vandag onder vasgestelde lone tesame produseer, spreek dit vanself dat die produksiekoste en dus ook die prys van die artikel ook laer sal wees.**

Die wortel van die kwaad lê egter in die klasse-oorlog van die kapitalistiese orde. Baas staan teenoor werker, en solank hierdie gees gehandhaaf word, sal sake nie vlot nie. Dit is daarom verblydend dat daar in werkgewerskringe vandag ook al stemme opgaan wat die een of ander metode van deelgenootskap vir werkers en base bepleit, soos in die geval van mnr. N. C. Krone verlede week op Stellenbosch. Al

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom

**hierdie dinge dui op die noodsaaklikheid van 'n nuwe samelewingsorde waarbinne belanghebbendes van 'n bepaalde bedryf — sowel werkers as werkgewers — met mekaar, en nie teenoor mekaar nie, georganiseer kan word ter bevordering van hul gemeenskaplike belange. Want dit is bloot natuurlik dat mense wat uit dieselfde bron lewe, gemeenskaplike belange moet hê.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

BOEKE

## ROMAN TEEN AGTERGROND VAN OORLOG

Met Rooi Verraad 253 bladsye) deur Magda Boyce het die tweede uitgawe in die Vlamreeks sy verskyning so pas gemaak. Die boek wat teen 11/6 posvry aangebied word, is 'n liefdesroman wat handel teen die agtergrond van die begin van die afgelope oorlog, toe hartstogte vir en teen die oorlog hoog opgelaai het. Die hoofkarakters is vurige ondersteuners van die Ossewabrandwag en 'n seun uit 'n Engels-Afrikaanse huwelik wat by die lugmag aansluit uit oortuiging. Sy verloofskap met 'n Boerenooi kom sodoende in die gedrang, en rondom hierdie gebeurtenis speel die verhaal af. 'n Simpatieke voorstelling van die Engelsgesinde verloofde gee die verhaal die nodige ewewig en dra by tot die deurlopende spanning. Die boodskap dat menghuwelike tussen Afrikaners en Engelse tot onstabiliteit in die nageslag lei, word sterk beklemtoon.

Die boek kan sterk aanbeveel word vir aangename ontspanning.

Die derde uitgawe van die Vlambiblioteek (Posbus 1230, Pretoria) is 'n verhaal van H. S. van Blerk: „Ek is tot die dood veroordeel".

**Al dra 'n dominium 'n republikeinse ring, hy is en bly 'n Empire-ding.**

## NAS. REGERING EN KRUGERDAG

**Mnr. W. S. Burger, Pk. Bysteek, oor Brandvlei, skryf:**

Ek het onlangs gelees dat die Johannesburgse Stadsraad vir die derde jaar al besluit het om 10 Oktober as 'n vakansiedag te hou.

Ons haal ons hoed vir hulle af; maar waar bly ons nasionale regering dan? Die tiende Oktober nader al vir die tweede keer onder 'n nasionale bewind en nog is daar geen sprake om dit as 'n publieke vakansiedag te proklameer nie, terwyl „Empire Day" en „Kings's Birthday" deur die Uniewette beskerm word.

Ek dink stellig dat dit nou hoogtyd word dat elke republikeinsgesinde Afrikaner — in diens van die staat, al dan nie — handelend moet optree en eenvoudig weier om daardie dag te veronagsaam. Daar is 'n kans vir republikeine om leiding te gee en ons sal veral let op ons senior O.B.-leiers.

Gebore onder 'n Britse oorheersing wil ons nie graag daaronder sterwe nie!

## Dr. Malan En Mnr. Nossel

**Mnr. J. P. Stassen, Pretoria, skryf:**

Geliewe so goed te wees om vir informasie van my en andere die volgende vrae in u geëerde blad te beantwoord:

1. Wat was die aanleidende oorsaak dat dr. Malan destyds in die Parlement die brief van wyle mnr. Johannes v. d. Walt voorgelees en ingehandig het?
2. Wat was die hulp of ondersteuning wat mnr. Nossel vir dr. Malan aangebied het en wat was sy prys vir die beloofde ondersteuning? Het dr. Malan dit offisieel aanvaar?
3. Mag 'n Jood lid word van die Nasionale Party in al vier die Provinsies?
4. Mag 'n Jood lid word van die Afrikaner Party, en ook van die O.B.?

[1. Dr. Malan het nie gesê waarom hy die brief voorlees nie, maar te oordeel na sy toespraak wat die openbaarmaking van die verklaring vooraf gegaan het, het dr. Malan die brief gebruik as verweer teen die beskuldiging van O.B.-kant dat hy op die Paarl mede-Afrikaners aan die vyand uitgelewer het deur sekere onthullings omtrent die Ossewabrandwag te doen, waarvoor hy later deur Ministers in die openbaar bedank is. Die verklaring moes dan gedien het om te bewys dat ook die O.B.-leiers „verraad gepleeg het."

2. Daar was allerlei berigte in die pers omtrent die H.N.P. en mnr. Nossel, maar of daar enige „amptelike" aanbiedinge van hulp of vergoeding was, is Die O.B. nie instaat om te sê nie. Die Burger het wel 'n onderhoud wat mnr. Nossel met dr. Malan gehad het, gepubliseer in sy uitgawe van 2 Oktober 1948. Daarvolgens sou dr. Malan onderneem het om Joodse bloedverwante die land binne te laat en om 'n simpatieke houding teenoor die staat Israel in te neem. Hy sou na 'n vorige verklaring van hom verwys het dat die regering in geen posigte teen die Jode sal diskrimineer nie. Volgens 'n berig in die Engelse pers sou mnr. Nossel gepraat het van die hulp van Joodse miljoenêrs wat hy agter die H.N.P. inskakel.

3. Met uitsondering van Transvaal word Jode wel toegelaat as lede van die H.N.P.

4. Ja, van die A.P. maar nie van die O.B. nie, wat 'n Volksbeweging is. — RED.]

## Walglik

**Mnr. S. C. J. Pelser, Melville, Johannesburg, skryf:**

Die verkiesing in Mayfair is verby, en daarmee ook die politieke geklets, maar wat 'n groei vir die H.N.P., ongelukkig aan die verkeerde kant!

Gedurende die verkiesingsveldtog het ek op grond van koerantverslae selfs gewonder of die S.A.P.-kandidaat ook sal slaag om 'n honderd stemme te kry, want volgens regeringsblaaie was die gehoor op S.A.P.-vergaderings grotendeels Nasionaliste. Waar die 4458 Sappe gedurende die Sap-vergaderings was, weet nugter.

Sies, wat 'n walglike spul en sotagtige grootdoenery. Die kiesafdeling het gewemel van lywige L.V.'s met agter hulle geskaar 'n spul stemvee met politieke oogklappe.

Ons weet almal dat, ons, die lang gestorwe O.B.'s, die skuld sal kry. Gaan maar voort ons leef.

# Voormalige Vriend Van Hitler Wil Beweging In Duitsland Gaan Lei

**Die moontlikheid dat Otto Strasser, voormalige vriend en partygenoot van Hitler, eersdaags na Duitsland sal terugkeer om 'n nuwe party te lei, word deur ons korrespondent in Duitsland berig. Strasser is in 1930 uit die party geskop omdat hy Hitler vanweë sy betrekkinge met die grootkapitaal beskuldig het dat hy die partyprogram verraai het. Hy is kort daarna na Kanada.**

Sedert 1947 probeer Strasser om na Duitsland terug te keer, maar totsover het die Kanadese regering nog steeds geweier om hom toe te laat. **Sy vriende glo dat hy dit nou reggekry het om verlof te kry en dat hy in die loop van September na sy vaderland sal terugkeer.** Of die Britte en Amerikaners hom sal toelaat om daar te bly, is egter 'n vraag wat nog op beantwoording wag.

Die Strassergroep in Duitsland is klein, maar hulle glo dat die beweging sterk sal aangroei as Strasser eers sy verskyning maak.

Deel van sy buitelandse beleid is die herstel van die Duitse grens soos dit in Januarie 1938 was — hoe dit moet geskied, word nie gesê nie—en die onafhanklikheid van 'n sentrale Duitse regering sowel as die terugtrekking van alle besettingsmagte.

**HEELWAT STEUN**

Op die eerste twee punte sal Strasser die steun ontvang van selfs diegene wat hom liewer in Kanada as in Duitsland sien. Ten opsigte van die derde bestaan daar egter heelwat skeptisisme veral sover dit die Russe betref.

Ten opsigte van sy binnelandse beleid sal hy klaarblyklik nie soveel sukses hê nie. Die vrees word uitgespreek dat sy eenheidsbeleid, wat gegrond is op 'n regering van beroepstande ekonomiese ontwrigting teweeg mag bring.

**KRITISEER OORWINNAARS**

Teen Strasser tel die bewering dat hy as voormalige fanatieke volgeling van Hitler bygedra het tot die ongeluk van Duitsland, maar hierteenoor voer sy aanhangers die argument aan dat hy reeds met Hitler gebreek het toe etlike Geallieerde staatsmanne nog met hom saamgewerk het.

**Steunde op hierdie argument oefen Strasser op die oomblik reeds van uit Kanada skerp kritiek uit op die maatreëls van sowel die Russe as die Westerse moondhede, wie hy van skending van die volkereg beskuldig. Ook hierdie kritiek val in die smaak van selfs die kringe wat Strasser se terugkeer tot die Duitse politiek nie goedkeur nie.**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 31 AUGUSTUS 1949

## ONS VERVOLGVERHAAL

# DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

### HOOFSTUK V

### DIE NUWE HUIS

By tant Annie se huis het die groot oom Teuns reeds vir hulle gewag. Hulle is almal dadelik in sy motor gebondel en toe ry hulle dat die pad hier voor eintlik nou word.

En hulle het sommer baie ver gery. Hulle is naderhand heeltemal uit die stad en verby die laaste mynhoop. Ai, en dit was lekker om so te ry! Bennie se mammie het hom gevra hoe hy toe so gou van die speurders af weggekom het. Hy het haar toe vertel hoe hulle hom winkel-toe gestuur het om sigarette te koop en wat hy toe gedoen het.

Oom Teuns het hieroor tog te lekker gelag en gesê: „Ou Seun, jy sal eendag 'n uithaler Stormjaer word." En dit was vir Bennie te lekker. Want hy wil eendag 'n Stormjaer word soos sy pappie en oom Teuns.

Toe hulle al 'n ver ent uit die stad uit is, het hulle in 'n ander paadjie gedraai en nog 'n ent tussen die bome gery tot hulle by 'n withuisie met 'n platdak uitkom. Oom Teuns het voor die deur stilgehou, uitgeklim en vir klein Ben se mammie met die kinders uit gehelp.

„So-ja, nou is jy by jou nuwe huis, Ella. Jou man sal seker hier iewers wees? Ek dink hy het gaan wegkruip toe hy die motor sien aankom het."

En so was dit ook. Want hulle het nog voor die huisie in die verwaarloosde blomtuintjie geprakseer hoe om in te kom toe klein Ben se pappie en die omie wat saam met hom ontsnap het, uit die bosse aangestap kom.

Ai, maar was Bennie nie bly toe hulle hele familie weer bymekaar is nie! Oom Teuns het dadelik gegroet en gery nadat klein Ben se mammie koffie gemaak het. Sy mammie en pappie het toe begin gesels en hy het na buite gegaan om die nuwe omgewing te verken.

En alles wat hy sien, het hom sommer lekker laat voel. Die hoë bome is vir hom tog te mooi. En die voëltjies wat daarin sing. Somtyds wens hy darem dat hy 'n voëltjie was. Om so rond te vlie en so maklik in 'n hoë boom te gaan sit, moet darem lekker wees!

Maar dit was ook lekker om 'n klein seuntjie te wees en te weet jou pa is 'n Stormjaer en baklei vir 'n goeie saak. Daarby het hulle nou 'n koei wat 'n klein kalfie het en 'n paar osse waarmee sy pappie die lande gaan omploeg. En bedags speel hy en sy sussie op die kweek en op die blare onder die ou hoë bome. Hy dra ook vir sy mammie water aan en gaan soek in die aand fynhoutjies, sodat sy pappie sommer maklik in die oggend vuur aan die brand kan kry.

As sy pappie opstaan in die oggend staan hy ook maar op. Want hy moet help om te melk. Hy is mos nou 'n plaasseun. Hy het ook al 'n paar keer tougelei voor die ou plaasosse met hulle lang horings. Hy is nogal bang vir hulle. Veral die een ou wat so kwaai kan blaas as 'n mens naby hom kom. Maar hy is nie so bang soos sy sussie nie. Sy hardloop mos sommer huistoe as sy die osse sien. Sy het dan nou die dag glad vir die ou kalfie ook weggehardloop.

Daar is nou altyd nuwe omies by hulle wat vlug. Somtyds gaan party weg maar dan kom daar weer ander. En sy mammie het baie werk om vir hulle te sorg. Maar sy doen dit graag want sy sê dit is haar plig om vir die vlugteling-omies te sorg.

Klein Ben en sy sussie het natuurlik elke dag dieper en dieper tussen die bome ingegaan. Vir hulle was dit die wonderlikste avontuur. Maar eendag het hulle somer regtig ver gegaan. Sommer tot by die ander punt van die bome.

En daar het hulle 'n paadjie gekry wat al tussen twee rye bome loop. Hulle het 'n ent met die paadjie voortgestap totdat hulle by 'n plek gekom het waar die bome nog jonk was en baie dig gestaan het. En tussen hierdie bome het hulle 'n huisie ontdek wat van sak gemaak was en 'n sinkdak gehad het.

Toe Sussie skielik die vreemde huisie sien, het sy so bang geword dat sy sommer begin huil het en met geweld wou terugharloop. Maar klein Ben, al het sy hartjie ook geklop, wou darem eers ondersoek instel voor hy tevrede sou wees.

Hy het haar handjie gevat en gesê sy hoef vir niks bang te wees nie solank hy daar is om haar te beskerm nie. Toe het hulle op hulle toontjies na die huisie gestap. Hulle het deur 'n skeur in die sakmuur na binne geloer en 'n groot motor daar sien staan. Daar was ook nog ander goed in die huisie.

Klein Ben het sommer trots gevoel omdat hy hierdie plek ontdek het, en besluit om vir sy pappie hiervan te gaan vertel. Maar terwyl hy en sy sussie nog staan en kyk na die motor, het hulle stemme gehoor. Soos verskrikte hasies duik hulle tussen die digte bosse in en loer vir die mans wat aangestap kom terwyl hulle hartjies doef-doef klop.

Klein Ben se eerste gedagte was dat dit speurders moet wees. Maar wat was sy verligting groot toe dit niemand anders as oom At, een van die vlugteling-omies wat by hulle bly, en sy pappie is nie! Sussie was so bly dat sy sommer wil opspring en na haar pappie wil hardloop. Maar klein Ben hou haar teen.

„Nee, Sussie," sê hy, „Pappie sal raas as hy ons hier sien. En Pappie het ons mos nie gesê van hierdie plek nie. Daarom moet ons niks hiervan weet nie."

Hulle het dus stil gelê en wag totdat hulle pappie en oom At in die motor geklim het en weggery het. Toe het hulle opgestaan en terug gestap huistoe. Maar langs die pad moes Sussie belowe dat sy nooit 'n woord teenoor iemand sal rep van die huisie in die bosse nie.

„Want as ons daarvan moet weet, sal pappie ons daarvan vertel het," het klein Ben wysgerig betoog. En Sussie het onder die indruk van sy ernstige beswaar gekom.

Van daardie dag af het hulle baie na die huisie in die bos gegaan. Iets het hulle onweerstaanbaar aangetrek daarheen. Somtyds wanneer hulle inloer, is die motor daar. Maar dit gebeur baie dat hulle daar kom en die motor nie daar vind nie. Dan weet hulle dat een van die omies iewers heen is. En dit het dan ook somtyds gebeur dat daar plotseling nog 'n nuwe omie kom om by hulle te kom bly. Dan het klein Ben sommer geweet dat die motor weg was om hierdie omie wat vir oom Jannie se trop speurders vlug, te gaan haal. Maar met Sussie het hy nooit oor hierdie gevolgtrekkings gepraat nie.

Een middag loop hy en Sussie weer in die plantasie. En sommer so sonder dat hulle dit kon verhelp, kies hulle koers na die huisie tussen die bome. Vandag weer, soos al die ander dae, word hulle doodstil en loop amper op hulle toontjies toe hulle naby die huisie kom. Dit is ook iets wat hulle byna instinktief gedoen het. Die ou huisie het vir hulle sy geheimsinnige bekoring behou. En hulle het hom dan ook nooit weer met die paadjie genader nie; maar met 'n wye draai, tussen die bosse van die kant af genader.

Baie versigtig het hulle nader gesluip. Sussie se handjie het in syne gelê, en hulle het o so suutjies en met hygende asempies al nader en nader gekom. En in hulle kinderlike verbeelding was dit altyd moontlik dat 'n afskuwelike ou draak, of 'n potsierlike dwergie in die stil ou huisie mag skuil. Maar daar was gewoonlik niks as net die hoorbare stilte wat nog stiller geword het as hulle bang langs die huisie staan.

Dog toe hulle vandag nog 'n endjie van die huisie af is en hom nog skaars tussen die bome kon sien, hoor hulle plot-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

seling die growwe stemme van volwasse manspersone.

Sussie, lamgeskrik, wil uit die staanspoor begin huil. Maar klein Ben praat mooi. „Dit is seker maar Pappie en een van die ander omies," fluister hy gerusstellend. En dit bring Sussie ook sommer tot bedaring.

Maar hulle gaan nie nader nie. Klein Ben vertrou die vrede glad nie. Hulle staan nou so dat hulle 'n deel van die huisie kan sien, terwyl hulle self onsigbaar is. In asemlose spanning hou klein Ben die huisie dop. Op die oomblik weet hy regtig nie wat om te doen nie. 'n Duisend gedagtes flits deur sy kinderverbeelding en dit verg moed om daar te bly. Maar hy móét weet wie daar by hulle huisie is.

(Word vervolg)

# VERJAARDAG-KETTING

**Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.**

**SEPTEMBER**

1. Johan Rossouw, Kakamas.
   Aletta de Jager, P.K. Boshoek.
2. Gertbreggie Liebenberg, Upington.
   Katrina Brand, Oor George.
   Elizabeth le Roux, Bultfontein, O.V.S.
   Antoine Coetzee, Potchefstroom.
   Daniel Coetzee, P.K. Bosbokrand.
3. Constance Coetzee, Stellenbosch.
   Willem Bouwer, Kirkwood.
   Sofia Koekemoer, P.K. La Motte.
   Jan Calitz, Oudtshoorn.
4. Johannes Celliers, Beaufort-Wes.
   Hilda Burger, P.K.Brandvlei.
   Willem Botha, Suider-Paarl.
   Francois Botha, Paarl.
5. Anette Pauw, Wellington.
   George Nieuwoudt, Dist. Vryburg.
   Francois Botha, Paarl.
   Roedolf v. d. Westhuizen, Dist. Vryburg.
   Hennie Weideman, Cradock.
6. Elsa Haasbroek, Paarl.
   Wilhelmina Wagener, Oudtshoorn.
   Paul Pretoruis, Paarl.
   Magdalena Breedt, P.K. Boshoek, Tvl.
   Andries du Toit, P.K.Matooster.
   Gertruida Toerien, Middelburg, Tvl.
7. Christiaan Bronner, Dist. Vryburg.
   Danie Roux, Franschoek.
   Piet Erasmus, Frankfort, O.V.S.

# DRINGENDE OPROEP

**Sal Boerejeug-offisiere en lede, asook van ons ouers wat SAAM MET DIE BOEREJEUG na die Voortrekker-monument-onthulling gaan asseblief dadelik hierdie vormpie invul en aan ons pos? Indien u meer vormpies benodig, sal ons bly wees as u onmiddellik met BOEREJEUG-HOOFKWARTIER, POSBUS 3471, KAAPSTAD, in verbinding sal tree sodat ons meer vormpies aan u kan pos. Ons het hierdie besonderhede nodig VOOR OF OP 20 SEPTEMBER.**

**Die reiskoste na die fees sal ONGEVEER as volg wees:**

**Lede bo 16 jaar — £5 0s. 0d. (Vanaf Kaapstad).**

**Lede onder 16 jaar — £3 0s. 0d. (Vanaf Kaapstad).**

**(Reiskoste soos hierbo gemeld is almal RETOER).**

**LAERFOOIE: £1 10s. 0d. per kop.**

**Die Stafhoof,**
**Boerejeughoofkwartier,**
**Posbus 3471,**
**KAAPSTAD.**

**Waarde Heer,**

**Ek is van voorneme om saam met die BOEREJEUG na die Voortrekkermonument-onthulling te gaan teen die einde van die jaar. Hieronder vind u verdere besonderhede.**

**(SKRYF ASSEBLIEF IN BLOKLETTERS)**

**NAAM:** ......................................................................

**VOLLEDIGE ADRES:** ......................................................

...................................................... **RANG:** ..................

**OUDERDOM:** ............................ **GESLAG:** ............................

**REIS U PER TREIN SAAM MET DIE BOEREJEUG?** ............ **(Ja of Nee)**

**OP WATTER STASIE SAL U OPKLIM?** ..........................................

(Tye van treine en verdere besonderhede insake die treinreis word later bekendgemaak).

**BRING U VAN U VRIENDE WAT NIE-LEDE VAN DIE BOEREJEUG IS, SAAM?** ........................... **(Indien JA, stuur asseblief dieselfde besonderhede soos hierbo uiteengesit, op 'n aparte vel papier saam met hierdie vormpie wat u ingevul het. Gebruik asseblief 'n aparte vel vir elke vriend.)**

**Sal OFFISIERE asseblief toesien dat lede wat nie die blaadjie te lees kry nie, ook hierdie besonderhede kry en 'n vormpie invul? Laat ons almal saamwerk, Boerejeug, om van hierdie onderneming 'n groot sukses te maak.**

## O.B.-FONDSDAG

**Die Caledon-kommando hou hul FONDSDAG op 10 SEPTEMBER 1949 te Hammansdal.**

**OPENING om 3 nm. deur dr. Erica Theron.**


**AANDETE: 5.30 nm.**

**TOESPRAAK: 7.30 nm.—Adv. J. de Vos.**

★ **BASAAR!**
★ **JUKSKEI!**
★ **SKYFSKIET!**

**Heerlike boerewors en volop skaapvleis**

**ALLE AFRIKANERS WELKOM!**



**Heferleerling Jannie Vermeulen.**

**Stoere Manlikheid kan u ook verkry**

**Skryf aan:**

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) ..............................
..............................

Adres: ..............................
..............................

Ouderdom: ..............................

O.B. 25/5/49.

# Rooi Diktator Kry Wat Duitsland Misgun Word

## Staalfabriek Na Joego-Slawië

**Die belaglike en gevaarlike toestand waarin die Geallieerdes die wêreld laat rondskommel met hul planlose beleid van wraakneming in Duitsland waar fabrieke nog steeds afgetakel word om by te voeg tot die werkloosheidsgetalle en oplaaiende haat van die Duitse volk, steek skerp af by dieselfde volke se houding teenoor kommunistiese lande.**

Nie lank gelede nie het Engeland nog steeds oorlogsgoedere aan Rusland verkoop. Motore van spuitvliegtuie was onder meer van die goed waarvan die uitvoer na Rusland verlede jaar eers stopgesit is. Teenoor die uit en uit kommunistiese satelliet Joego-Slawië wat op die oomblik wel 'n familietwis met Moskou het, maar enige tyd net so rooi is as Moskou self, word 'n beleid van grootmoedige hulpvaardigheid gevolg. Daar word eintlik tussen Amerika en Engeland gewedywer om ekonomiese betrekkinge met Joego-Slawië te verbeter. **En in hierdie wedywering is die kroon 'n paar weke gelede gespan deur Amerika se verkoop van 'n staalfabriek aan kommunistiese Joego-Slawië.**

**In dieselfde week was 10,000 Duitse werkers verplig om 'n betoging te hou teen die aftakeling van 'n staalfabriek in Duitsland.** Wie se hulp van die grootste waarde vir die Weste in 'n stryd teen Moskou is — Duitsland of Joego-Slawië — is 'n saak waaroor daar nie te redeneer val nie. **Nogtans word fabrieke aan Tito verkoop wat in Duitsland afgebreek word omdat dit oorlogsgoedere kan vervaardig. En Duitsland se „regering" staan boonop nog onder toesig van Amerika en Engeland!**

## OUDSTRYDER OORLEDE

Nog 'n oudstryder het weggeval met die heengaan van mnr. J. D. M. Steyn van Prieska verlede Sondagnag in die ouderdom van 75 jaar, na drie weke van sware lyding.

Wyle mnr. Steyn het aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem en was drie jaar lank krygsgevangene op Ceylon. As 'n vurige Afrikaner het hy sy gewig ook by die Ossewabrandwag ingegooi waarvan hy lid was tot sy dood.

'n Weduwee en vier kinders word nagelaat. Sy enigste seun, mnr. H. J. Steyn van Vasco, is 'n hoofkommandant in die Ossewabrandwag en lid van die Goodwoodse stadsraad.

## RAPPORTRIT SAL OOK HERDENKING WEES VAN VRYHEIDSTRYD

**Die rapportryers na die Voortrekkermonument sal op Hartenbos, die hoofkwartier van die A.T.K.V., op 10 Oktober begin en daarmee terselfdertyd die vyftigjarige herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog inlui. 'n Beroep word dan ook deur die reëlingskomitee gedoen om by hierdie geleentheid ook die Vryheidstryd te herdenk.**

Ander rapportryers sal elders in die land en vanaf Suidwes-Afrika en Rhodesië op gesette tye langs 15 verskillende roetes aanruk na Pretoria.

Wanneer die laaste rapportryers op 29 November vanaf Barberton vertrek, sal die Hoofstad van byna al die punte van die kompas benader word.

In 'n omsendbrief wat die Rapportryersreëlingskomitee uitgereik het, spreek die komitee die hoop uit dat die verrigtings 'n ware volksfees sal wees waarin die gemeenskap 'n eenheid sal vorm en waarin volksgenote tot nuwe hoogtes opgevoer sal word.

Plekke waarvandaan die verskillende roetes gevolg sal word, met die datums van aanvang daarby in hakies, is as volg: Hartenbos (10 Oktober), Kaapstad (25 Oktober), Bellville (26 Okt.), Richmond (15 Nov.), Stutterheim (3 Nov.), Oos-Londen (22 Okt.), Durban (9 Nov.), Ladysmith (21 Nov.), Umtali (28 Okt.), Bulawayo (1 Nov.), Cashel, Rhodesië (4 Nov.), Bandolierskop (26 Nov.), Barberton (29 Nov.), Springbok (2 Nov.), en Windhoek (15 Okt.). Vanaf Hartenbos word twee roetes gevolg.

Die omsendbrief meld dat rapportryers by voorkeur in burgerlike ferweelpakke gekleed moet wees, en geen hedendaagse uniforms of gedeeltes daarvan, behalwe van die Voortrekkerbeweging, mag gedra word nie. Die persone wat op 'n roete begin, gaan nie dwarsdeur na Pretoria nie, maar die rapportryers van elke dorp neem die rapporte slegs na die volgende dorp, waar dit deur die plaaslike komitee oorgeneem word.

### RAPPORTE

Alle Afrikaanse kultuurorganisasies, Afrikaanse kerke, ens., sal geregtig wees om rapporte te stuur. Plaaslike reëlingskomitees stel een rapport hieruit saam.

Die Uniale rapportryerskomitee het besluit dat slegs Totius en mev. (pres.) Steyn as indiwidue deur die Uniale komitee om boodskappe gevra sal word. Ook die administrateurs word deur die Uniale komitee genader. Provinsiale of Uniale liggame, met insluiting van die Afrikaanse kerke, sal ook genader word om boodskappe te stuur.

**In die boodskappe moet die begeerte van die plaaslike gemeenskappe uitgespreek word ten opsigte van hoe die Afrikaners as 'n volk in die toekoms moet ontwikkel.**

### VRYHEIDSOORLOG

**Plaaslike komitees se aandag word daarop gevestig dat die Afrikanerdom vanjaar ook die Tweede Vryheidsoorlog herdenk. Dit sal dus gepas wees as die geskiedkundige gebeurtenisse van 1899—1902 by die feesvierings ingeskakel word.**

Die Uniale reëlingskomitee beveel dus aan dat geleentheid geskep moet word tydens die verrigtings of op die pad van die rapportryers by geskiedkundige slagvelde, konsentrasiekampe, kerkhowe en monumente, en ook geskiedkundige plekke uit die Voortrekkertydperk of daarna, om rapportryers daar te laat aandoen. Oudstryders of ander persone kan gevra word om vertellings van die geskiedkundige gebeurtenisse te lewer.

Amptelike bladsakke vir die vervoer van die rapporte sal deur die Uniale reëlingskomitee verskaf word.

## TOESPRAAK ONDERBREEK

Tydens 'n toespraak verlede Saterdag op Standerton het dr. D. F. Malan 'n gedagte-onderbreking gehad toe hy besig was om te praat oor die verhouding van die H.N.P. tot die Afrikanerparty. Dr. Malan het oor die kleurvraagstuk gepraat en was besig om te vertel dat daar geen verskille tussen hom en mnr. Havenga is nie, toe hy skielik vassteek in die middel van 'n sin. Hy het sy aantekeninge deurgeblaai, maar kon nie hervat nie, en het toe vir omtrent agt minute gaan sit, waarna hy weer aangegaan het.

In Februarie vanjaar het dr. Malan 'n soortgelyke ondervinding gehad toe hy in die parlement besig was om oor Suidwes te praat. Hy het toe vir twee uur lank gaan rus.

## Prov. Raad Kry Allig Ook Sy Kommunis

**Die moontlikheid dat die Kaaplandse Provinsiale Raad eersdaags ook met 'n Kommunistiese verteenwoordiger sal sit, skyn taamlik groot te wees. Die Kommuniste het hul Kaapstadse sekretaris, mnr. F. Carneson, benoem as kandidaat vir Wes-Kaapland.** Die verkiesing vind op 30 November plaas en tot verlede week is nog geen ander kandidaat benoem nie. Volgens berig in die Cape Times het mnr. J. Nossel, die Joodse ondersteuner van die H.N.P., hom bereid verklaar om as kandidaat te staan indien die party hom wil gebruik.

Daar is twee naturelle-verteenwoordigers in die Provinsiale Raad.

**Die feit dat Kommuniste 'n maklike toegang tot die wetgewende liggame van die land het waar blokke nie-blanke kiesers 'n kiesafdeling vorm, is 'n feit wat die huidige regering in aanmerking moet neem wanneer hy praat van aparte verteenwoordiging van Kleurlinge in die parlement. Met Kommuniste wat frank en vry aan die politiek kan deelneem, skyn daar nie 'n sekerder weg tot kommunistiese verteenwoordiging in die parlement te wees nie as 'n stelsel van aparte kieserslyste vir Kleurlinge in 'n atmosfeer van opstoking deur 'n amptelike opposisie.**

* „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Dr. Malan Hernu Beloftes Insake Apartheid

**'n Reeks beloftes in verband met die kleurvraagstuk is verlede Saterdag deur dr. D. F. Malan op Standerton ten aansien van die parlementsitting aanstaande jaar gedoen. Spr. het gesê dat die regering besig is om die opdrag wat hy van die kiesers ontvang het, uit te voer. Met die twee sittings wat agter die rug is, is 'n begin gemaak met die oplossing van die vraagstuk.**

Teen die instroming van naturelle — ook uit die res van Afrika — sal maatreëls getref en onderhandelings met buurstate aangeknoop word. Die vraagstuk van deurmekaarwonery van blankes en nie-blankes in sekere stede sal ook aangepak word. Daarvoor is wetgewing nodig. Die Kleurlinge sal op afsonderlike kieserslyste geplaas word sodat hulle aparte verteenwoordiging sal kry, terwyl die naturelleverteenwoordigers in die volksraad afgeskaf sal word. Hulle sal slegs in die senaat verteenwoordiging ontvang. Dit sal aanstaande jaar gedoen word.

Met verwysing na aparte vervoer in die Skiereiland het dr. Malan gesê dat dit ook toegepas sal word op busse en ander vervoermiddels.


**In verband met die aandeel van die Afrikanerparty aan die regering, het dr. Malan gesê dat hy en mnr. Havenga voor die verkiesing met mekaar gesels het en tot die slotsom geraak het dat hulle betreffende die kleurvraagstuk, maar ook betreffende alle beginselkwessies, saamstem. „Waar ons gestaan het, staan ons vandag nog." In hierdie stadium het dr. Malan vasgesteek en eers na agt minute sy toespraak hervat.**

## Polisie Sal Gouer Skiet

Die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, het verlede week in Bloemfontein aangekondig dat maatreëls getref sal word wat polisielede sal magtig om in die vervolg gouer gebruik te maak van hul vuurwapens wanneer hulle in gevaar is.

Groter gebruikmaking van die leër in gevalle waar die polisie hulp nodig het, sal ook toegepas word, in watter geval die soldate onder polisie-bevele sal optree.

DIT MOET 'n PHILIPS WEES



6-VOLT-STEL MODEL 620V

- BATTERYTOESTEL MET EKSTRA GROOT WYSTERPLAAT
- LEWER 6-GLOEILAMPIE-WERKVERRIGING
- GROOT LUIDSPREKER VAN 6 DUIM
- VAN 16 METER — 550 METER
- VOLMAAKTE OORSESE OPVANGS
- AANTREKLIKE KABINET

KONTANT £27-0-0 KONTANT

Of Deposito van £5/2/9 en 20 maandelikse paaiemente van £1/5/6

Wisselstroom- en Gelykstroom-modelle ook verkrygbaar

Die voordeligste vir enige man is Morkel se afbetalings Plan

Phil Morkel

★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD
POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL

AAN PHIL MORKEL, POSBESTELLINGSAFDELING, POSBUS 2721, KAAPSTAD.

Stuur asseblief besonderhede omtrent:

☐ Elektriese Tafelradio ☐ Tafelgramradio
☐ 6-Volt-Tafelradio ☐ Lae Gramradio

NAAM ............................................

ADRES ............................................

............................................B30/6